

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM 2018/05/21		DATUM 2018/05/18		+ - WEEK GELEDE 2018/05/14		+ - MAAND GELEDE 2018/04/23		+ - JAAR GELEDE 2017/05/22					
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data			
Brent (\$/b)	75.01	↓ 4.5%	↓	-5.7%	79.54	↓	-2.2%	76.71	↓	0.0%	75.04	↑	40.0%	53.57
US\$: ? ZAR	12.56	↓ 0.10	↓	-0.1%	12.57	↑	2.5%	12.25	↑	1.9%	12.33	↓	-5.2%	13.25
ACBOT 8vm : 12nm*	R 1 990.20	34	↑	1.8%	R 1 955.91									
ACBOT 8vm : 12nm*	R 2 391.73	94	↑	4.1%	R 2 297.80									
ACBOT 8vm : 12nm*	R 4 608.09	12	↑	0.3%	R 4 595.59									
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)														
Corn Jul '18	402.50	7.25	↑	1.8%	395.25	↑	2%	396.50	↑	4%	387.50	↓	-2%	412.75
Wheat Jul '18	518.25	20.75	↑	4.2%	497.50	↑	8%	480.50	↑	9%	474.50	↑	2%	508.25
Soybean Jul '18	998.50	3.50	↑	0.4%	995.00	↓	-1%	1013.00	↓	-3%	1032.25	↑	2%	976.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))														
SORGHUM May '18	3103.00	0	↑	0.0%	3103.00	↓	-0.9%	3130.00	↑	0.0%	3103.00	↑	11%	2800
WMAZ SPOT	2122.00	29	↑	1.4%	2093.00	↑	3.7%	2046.00	↑	5.9%	2004.00	↑	18.1%	1797
WMAZ Jul '18	2152.00	28	↑	1.3%	2124.00	↑	3.7%	2076.00	↑	4.9%	2052.00	↑	3.0%	2090
YMAZ SPOT	2209.00	22	↑	1.0%	2187.00	↑	2.9%	2147.00	↑	4.9%	2106.00	↑	14.9%	1922
YMAZ Jul '18	2249.00	27	↑	1.2%	2222.00	↑	3.1%	2181.00	↑	5.0%	2141.00	↑	3.1%	2182
SOY 50 SPOT	4536.00	28	↑	0.6%	4508.00	↑	1.7%	4461.00	↓	-2.0%	4629.00	↓	-2.5%	4652
SOY Jul '18	4595.00	29	↑	0.6%	4566.00	↑	1.3%	4534.00	↓	-2.7%	4723.00	↓	-2.3%	4703
SUN SPOT	4576.00	18	↑	0.4%	4558.00	↑	0.3%	4562.00	↓	-0.6%	4605.00	↓	-2.6%	4700
SUN Jul '18	4668.00	14	↑	0.3%	4654.00	↑	0.3%	4655.00	↓	-1.1%	4720.00	↓	-2.7%	4799
WHEAT Spot	3866.00	12	↑	0.3%	3854.00	↓	-0.5%	3887.00	↓	-0.7%	3895.00	↓	-13.4%	4464
WHEAT Jul '18	3929.00	12	↑	0.3%	3917.00	↓	-0.2%	3935.00	↑	0.2%	3920.00	↓	-10.9%	4408
OLIESADE (US\$/ton)	2018/05/18	Bron: Oilworld			2018/05/04	2017/11/13	2016/12/12							
Soya-oil, Arg.	709	↓	-4%	741	↓	-8%	769	↑	5%	676				
Soya-pell, Arg.	423	↓	-9%	464	↑	25%	339	↑	15%	368				
Soybean, Brazil	437	↓	-5%	460	↑	7%	410	↑	7%	410				
USA Runner 40/50	1430	↑	0%	1430	↓	-11%	1600	↑	10%	1300				
Sun-oil, Arg.	742	↓	0%	745	↓	-2%	755	↓	-7%	800				
Sun-oil, Black Sea	757	↓	-1%	768	↑	1%	750	↓	1%	750				
Sunseed,Black Sea	395	↑	0%	395	↓	-1%	400	↓	-3%	409				
Rapeseed, EU cif	407	↓	-1%	411	↓	-4%	425	↑	2%	399				
Palmk oil Mal, EU	920	↓	-5%	970	↓	-37%	1470	↓	-11%	1037				

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: Die sojaboon produksie in Suid Amerika sal na verwagting ongeveer 16 – 17 miljoen ton laer wees as verlede seisoen se produksie met veral die produksie in Argentinië wat aansienlik laer geskat word vir die seisoen. Die Argentynse produksie vir die seisoen word verwag om die laagte te wees in die afgelope 9 jaar. Die Brasiliaanse sojaboon produksie vir die seisoen was baie gunstig en daar is 'n nuwe rekord van 118 miljoen ton geproduseer hierdie seisoen. Die hoër produksie in Brasilië was egter nie genoeg om die laer produksie in Argentinië uit te kanselleer nie. Die Brasiliaanse sojaboon uitvoere het vanaf begin Mei skerp toegeneem en die verwagting is dat hierdie hoër tempo behoort voort te duur tot en met Junie/Julie. Die wêreld vraag na sojabone is steeds in 'n opwaartse tendens en is besig om toe te neem. Alhoewel die Amerikaanse uitvoere van sojabone laer was vir die eerste helfte van die seisoen is die verwagting dat die Amerikaanse sojabone uitvoere gedurende die 2de helfte van die seisoen behoort toe te neem met die wêreld afhanklikheid van sojaboon invoere wat meer na die VSA sal skuif in die volgende paar maande. Die Amerikaanse sojaboon aanplantings sal dopgehou word in die volgende paar weke. Die aanplantings vir die seisoen tot datum het goed gevorder en die gemiddelde hoeveelheid wat aangeplant is tot dusver in die seisoen is beter as die 5 jaar gemiddelde tempo. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week ondersteuning gevind en het hoofsaaklik sterker verhandel vir die week. Die wisselkoers was verlede week weer baie volatiel en die het bygedra tot die versterking van plaaslike sojaboonpryse met die rand wat verswak het.

Sonneblomsaad: In die internasionale konteks is die omstandighede tans gunstig vir goeie sonneblomsaad produksie met die aanplantings in die CIS lande wat tot dusver goed gevorder het terwyl daar ook goeie reënval voorgekom het in belangrike produserende gebiede. Die wêreld verwerking van sonneblomsaad het toegeneem in die eerste helfte van die seisoen hoofsaaklik as gevolg van groot oordragvoorraad asook nuwe verwerkings kapasiteit in die CIS lande. Die verwagting is dat die verwerking van sonneblomme in die volgende paar maande laer behoort te wees en die verwagting is dat die grootste afname in die sonneblom meel uitset in Rusland en die Oekraïne behoort te wees. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week gemeng verhandel, maar het teen Vrydag effens hoër gesluit as waarteen die Maandag geopen het.

Kanola: Die skerp toename in die wêreld kanola en raapsaad produksie tesame die laer vraag in die Europese Unie, wat die grootste verbruiker van kanola en raapsaad is, het die wêreld voorraad skerp laat toeneem. Die hoër wêreld voorraad is negatief vir die pryse en die pryse is neig meer afwaarts in die internasionale markte. Die verwagting is dat die wêreld produksie sal toeneem tot en met 'n 3 jaar hoogtepunt met beter produksies in die EU asook rekord produksies in Kanada en die CIS lande. **Plaaslik:** Plaaslik het die kanola aanplantings goed gevorder in die Weskaap, maar die weersomstandighede is steeds nie gunstig nie en goeie reën sal benodig word in die volgende paar weke en deur die loop van die seisoen.

Grondbone: Die wêreld produksie van grondbone het 'n nuwe rekord van 31.8 miljoen ton bereik in die 2017/18 seisoen volgens die nuutste skatting. Dit het die internasionale grondboon pryse hoofsaaklik onder druk gehou en die gemiddelde prys vir die eerste gedeelte van 2018 was ongeveer 20% laer as dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar. **Plaaslik:** In die plaaslike perspektief was dit oor die algemeen maar 'n moeilike seisoen vir grondboon produksie en verslae uit verskillende gedeeltes van die land toon aan dat daar veral kwaliteit probleme was in die jaar se grondboon produksie.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za